



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
MEMORANDUM**

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidaat mag nie die opstelvraag EN die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tog na die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
3. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus 'n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
4. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
5. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:
 - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING **en**
 - 1 punt vir die rede /motivering/aanhaling.
 - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
 - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
6. Fals(Vals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
7. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepepalseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit nie aanvaar nie.
8. Aanvaar dialektiese variasies.
9. Indien die kandidaat kru taal gebruik, word die kru woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die kru woord sinvol is, word die kandidaat nie gepepalseer nie.
10. Waar een-woord antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar .
12. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

13. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
14. As 'n spelfout die betekenis van 'n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
15. **Opstelvraag:** As die opstel korter as die vereiste lengte is, word die kandidaat nie geenaliseer nie omdat hy/sy hom/haarself geenaliseer het. As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) toe en ignoreer die res van die opstel.
16. Ter wille van nasien kan regmerkies gebruik word om feite aan te dui.

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Spelfout	—	Kort strepie onder die fout
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo-aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbelskuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	O	'n Sirkel

17. Punte word as volg aangedui:
 KODE I =
 KODE T =
 KODE S =
PUNT
18. 'n Kandidaat word nie geenaliseer as aanhalingstekens ontbreek nie, al vereis die vraag dit.
19. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
20. By 'n vraag waar enige GEBEURE in die regte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.
21. Halwe punte word slegs aan die einde by die groototaal tot 'n hele afgerond.
22. Gebruik die rubriek in hierdie MEMORANDUM om die opstelvrae na te sien.

AFDELING A: ROMAN**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 1: OPSTELVRAAG*****KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee**

By die nasien van hierdie opstelvraag maak die memorandum vir soveel as moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te gee nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

Gebruik die rubriek na VRAAG 16.

Die band tussen Saul en Oupoot word direk in hierdie aanhaling aangespreek d.m.v. hulle ontmoetinge en ook deur hulle ooreenkomste.

Die ontmoetings tussen Saul en Oupoot

Reeds as klein seuntjie (14 jaar oud) het Saul vir Oupoot teëgekóm toe hulle oppad was Diepwalle toe om sy grootouers van hul ma se dood te gaan vertel. Ons sien dat daar 'n spesiale band tussen hulle is. Saul vlug nie vir Oupoot nie, staar na hom in verwondering en Oupoot val nie vir Saul aan nie. Dit voel vir Saul asof Oupoot van sy hartseer weet.

Spesiale verhouding tussen Saul en Oupoot

Elke keer daarna as Saul met 'n probleem worstel, is Oupoot in die agtergrond. Toe hy die afkap van die kalender wou keer, was Oupoot daar. Al twee tree op as beskermers van die Bos. Toe Saul deur sy pa weggejaag is, was Oupoot ook in die omgewing. Die eerste Kersfees na hy by MacDonald begin werk het en hy finaal met sy familie gebreek het, was Oupoot ook daar. Nou het Saul net soos Oupoot alleenloper geword.

Toe hy in die Bos goud gedelf het en siek geword het, was Oupoot naby Saul se skerm en het hom opgepas, net soos wat Saul vir Oupoot teen die aanslag van Terblans wil beskerm. Na sy pa se begrafnis het hy Oupoot weer raakgeloop. Saul het nog altyd geworstel met die idee dat Oupoot en hy 'n besondere band het. Hierna gaan praat hy dan ook met Maska en Maska deel hom mee dat Oupoot sy dier-broer is. Dit is ook die eerste keer wat Maska Saul aanspreek as baas (respekteer).

Die ooreenkomste of parallele tussen Saul en Oupoot

Saul en Oupoot probeer al twee die Bos teen die delwers beskerm; Saul deur hulle delfplekke te besoek en Oupoot deur elke dag deur die dorp te loop. Hulle al twee word onregverdig behandel en verkeerdelik gebrandmerk.

Met Oupoot se dood besef ons hoe lief Saul vir Oupoot was. Nou vir die eerste keer raak hy aan Oupoot. Hy besef dat Oupoot hom na die Bos gelei het om iets aan die vernietiging van die Bos te doen. Oupoot se dood was dus nie tevergeefs nie. Sy dood veroorsaak dat Saul en sy mense weer herenig word.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
	12	13		10

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee**

- 2.1 Jane Stewart se ma. (1)
- 2.2 Kate se boek, "*David Copperfield*". (1)
- 2.3
- Sy is die enigste persoon wat vriendelik met hom is.
 - Sy is die enigste persoon wat hom menswaardig behandel.
 - Sy leer hom Engels lees en praat.
 - Sy stel hom aan haar wêreld bekend. (Enige 3) (3)
- 2.4 2.4.1 Charles Dickens (1)
- 2.4.2 Dickens het ook op 'n jong ouderdom onder haglike omstandighede begin werk. (2)
- 2.5 2 jaar (1)
- 2.6 C (1)
- 2.7 Hy het gesien hoe MacDonald ryker geword het terwyl die houtkappers al hoe meer verarm het./Hy het gesien en gehoor op watter onderduimse manier MacDonald en sy voormanne hout teen die laagste pryse bekom. (2)
- 2.8 Hy het van Arend Botha se dood gehoor. Arend is dood omdat MacDonald nie wou toelaat dat hy mediese versorging kry nie. (2)
- 2.9 Sy is Kaapstad toe gestuur om daar skool te gaan. Sy moes 500 keer skryf: "All woodcutters are wild and dirty and so are their children." (2)

- 2.10 2.10.1 F – Jozef (1)
- 2.10.2 D – MacDonald (1)
- 2.10.3 A – Godsiekte (1)
- 2.10.4 B – Patterson (1)
- 2.10.5 C – Arend Botha (1)
- 2.11 Natuurbewaarder (1)
- 2.12 2.12.1 pan (1)
- 2.12.2 sluistrog (1)
- 2.13 2.13.1 Meulbos (1)
- 2.13.2 Barkley (1)
- 2.13.3 ses pond (1)
- 2.14 2.14.1 Maska (1)
- 2.14.2 'n Boom het op hom geval en hom vergruis. (1)
- 2.15 Sy het vir die delwers se kinders skoolgehou. (1)
- 2.16 2.16.1 Onwaar. Sy het in Meulbos gaan wag. (2)
- 2.16.2 Waar. Hy het gedurig teruggekeer na die bos. / Bos was in hom soos Kate sou sê. (2)
- 2.17 Hy het geweldige groot ivoortande gehad. (1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		13		8

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Inleiding

- Hanna is 'n tienermeisie en die hoofkarakter in die roman.
- Haar ouers is geskei en sy woon saam met haar ma en stiefpa.
- Hanna voel dat sy eintlik 'n vaal, gemiddelde tienermeisie is wat uitstaan vanweë haar ingewikkelde gesinslewe.

Samestelling van Hanna se gesin

- Hanna se gesin is ingewikkeld: sy woon saam met haar ma, Mana en haar stiefpa, Beyers.
- Mana is nie 'n tradisionele huisvrou of moederfiguur nie, maar 'n eksentrieke kunstenaars.
- Haar biologiese pa, Gavin, is 'n homoseksuele klere-ontwerper.
- Haar halfbroer, Tibo: Hulle het dieselfde ma, en hy is uit 'n proefbuis vervaardig. Gevolglik ken hy nie sy pa nie.
- Haar stiefpa, Beyers, is 'n akteur met sy twee seuns, Yann en Amos.
- Yann is Hanna se sestienjarige stiefbroer en Hanna vind hom irriterend en sarkasties.
- Amos, Yann se jonger boetie, is 7/8 jaar oud.

Hanna se verhouding met Gavin

- Hanna sien haar pa selde; praat net oor die telefoon.
- Hy stuur geskenke, maar omdat hy Hanna nie so goed ken nie, is dit gewoonlik klere waarvan sy nie hou nie.
- Hanna is aanvanklik skaam vir Gavin.
- Nie opgewonde oor haar pa se besluit om haar vyftiende verjaarsdag saam te kom vier nie.
- Haar gevoelens kom duidelik na vore: 'Ek was vieslik ondankbaar toe Gavin uit Johannesburg laat weet ... kom vier.'
- Wonder wat ander lede van die gesin en Sharon van hom gaan dink.
- Verbaas as hulle almal van hom hou.
- Gavin beïndruk hulle met sy styl, humor, danspassies en kookvernuf.

Hanna aanvaar Gavin

- Tydens die vakansie leer sy haar gesin beter ken.
- Verhouding met haar pa verbeter.
- Sy sien hoeveel pret en vermaak hy is.
- Nie meer skaam of bekommerd oor wat ander as gevolg van sy seksualiteit van hom mag dink nie.
- Selfs stille bewondering vir hom: "... jy kan nie juis anders as om so iemand te bewonder nie al is hy nie juis 'n voorbeeldige pa nie."
- Aanvaar dus haar pa soos hy is, al is hy nie 'n tipiese vaderfiguur nie.
- Hanna besef hy gee vir haar om en dat hy trots op haar is.

Slot

- Hanna se aanvaarding van Gavin net soos hy is, word aan die einde van die roman beklemtoon.
- Verwys na hom as “my pa” en nie bloot na Gavin of “my peroksiedpa” of “my trendy pa” nie.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16	9	

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

- 4.1 Hanna (1)
- 4.2 Sy bind altyd haar hare met verfkwaste op. (1)
- 4.3 Sy droom van die verfkwasvrou wat haar tart, en haar familie wat haar saggies versmoor. (2)
- 4.4 4.4.1 groenvingers – Fabienne se ma. Sy hou van tuinmaak. (2)
- 4.4.2 suikervingers – Fabienne se suster. Sy bak heeldag soetgoed. (2)
- 4.4.3 bloedvingers – Fabienne se pa. Hy is ’n tandarts. (2)
- 4.5 Sy is Hanna se **alter ego**. Sy is die persoon wat **Hanna** graag wil wees. (2)
- 4.6
- Tibo en Amos het aanhoudend baklei.
 - Yann het na sy Walkman geluister.
 - Hulle stop baie vir iemand om ’n draai te loop.
 - Pampoen en Patat het heeldag siek geword.
 - Die grondpad was baie sleg. (Enige 4) (4)

4.7

Beyers	Gavin
Hanna se stiefpa	Hanna se biologiese pa
Hy is ’n akteur	Hy is gay, dra grimering en sy hare is “geperokside”
Sterk verantwoordelike persoon	Vrolike mens en siel van partytjies
Versorger	Kunstig

(Enige 2) (2)

- 4.8 4.8.1 C fabelagtig (1)
- 4.8.2 D Margot (1)
- 4.8.3 A irriterend (1)
- 4.9 Amanzi, Kwakwa, Aqua (1)
- 4.10 Dit beteken water. (1)
- 4.11 Onwaar. Mana is 'n kunstenaar/eksentriek. (2)
- 4.12 Onwaar. Mana is baie lief vir Hanna/aanvaar haar soos sy is. (2)
- 4.13 4.13.1 C (1)
- 4.13.2 E (1)
- 4.13.3 A (1)
- 4.13.4 B (1)
- 4.13.5 D (1)
- 4.14 Eerstepersoonverteller / ek-verteller (1)
- 4.15 Aanvaarding van jouself, jou gesin en jou omgewing. (2)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14		7

OF

VRAAG 5: OPSTELVRAAG**MEEULANDERS – Esta Steyn****Kinnie se geheim**

- Slaap by Fred Blanckenberg.
- Hy betaal haar en wil niks weer van haar hoor nie.
- Sy vertel Sheila van die baba
- Sheila pleeg selfmoord
- Kinnie sterf by geboorte van haar kind.
- Jannerik neem die baba na die eiland.

Ryna, Jacob en Jannerik se geheim

- Elsabet se baba sterf by geboorte.
- Jacob besef Elsabet sal nie dood van baba kan hanteer nie.
- Kan nie weer kinders hê nie, a.g.v. 'n histerektomie wat wag.
- Kinnie se baba huil.
- Ruil babas om.
- Jannerik sê vir Ousanna Kinnie se baba is dood.
- Jacob begrawe Elsabet se baba.
- Elsabet maak Janka as haar eie groot.

Elsabet se geheime verhouding met Fred

- Was in verhouding met Fred toe Sheila nog geleef het.
- Elsabet besef dit gaan nie werk nie – trou met Jacob.
- Vlug na Meeuland om weg te kom van skinderstories
- Ontmoet Fred weer by dokter – hulle voel aangetrokke tot mekaar
- Na geboorte – depressief – gaan bly op wal
- Ontmoet weer vir Fred – reël geheime ontmoeting
- Fred kom na Meeuland – Jacob jaag hom weg
- Kontak Fred en vra hy moet haar kom haal
- Loop weg en trou later met hom

Fred se geheime

- Vind uit van kind by Kinnie deur Skalla.
- Ontdek ook so hoekom Sheila selfmoord gepleeg het.
- Het verhouding met Jackie na sy huwelik met Elsabet.
- Bly al hoe meer saans oor na vergaderings in Kaap.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
	12	13		10

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**MEEULANDERS – Esta Steyn**

- 6.1 Jacob, Jannerik en Ryna (3)
- 6.2 Die see was te onstuimig. (1)
- 6.3 Sy was uitgeput as gevolg van die geboorte. (1)
- 6.4 Hy het gehoop dat iemand die vuur sou sien en hulle kom help. (2)
- 6.5 6.5.1 Elsabet en Jacob se baba het gesterf. (1)
- 6.5.2 Elsabet wou nie hê die baba moes op die eiland groot word nie. (1)
- 6.5.3 kinders (1)
- 6.6 Meeuland (1)
- 6.7 Kinnie se kind dood is / gesterf het. (1)
- 6.8 Meeulanders / mense van Meeuland (1)
- 6.9 Kreef (1)
- 6.10 Billy (1)
- 6.11 6.11.1 padblokkade (1)
- 6.11.2 30 / dertig (1)
- 6.12 Matthys se seuns gaan goed aan in die lewe en kom goed met mekaar klaar, terwyl sy eie seuns nie oor die weg kom nie – Skalla is 'n skelm en Fred is ook nie altyd wat hy voorgee nie. (2)
- 6.13 Veronica kom na Fred se huis op soek na hom. Sheila kom agter sy is swanger van Fred en pleeg dan selfmoord. (2)
- 6.14 6.14.1 F (1)
- 6.14.2 D (1)
- 6.14.3 B (1)
- 6.14.4 A (1)
- 6.14.5 E (1)

- 6.15 Dit voel vir haar of Ousanna kan sien hoe sy oor Jason voel. (2)
- 6.16 Sy voel aan wanneer iets gaan gebeur. / Sy is 'n siener. (1)
- 6.17 Hy is kwaad vir Doreen, want hy dink sy het 'n verhouding. (2)
- 6.18 Jason wens haar geluk met 'n soen op haar verjaarsdag en sy vrou sien dit. (2)
- 6.19 Ousanna se huis. (1)
- 6.20 B (1)
- [35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
	16	11		8

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG**POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- Poppie was getroud, maar haar man was nie op ma Lena se huiskaart nie.
- Sy het nie permit nie en Stone het kontrakwerk; dit maak dit nog moeiliker.
- Hoedjie gaan saam met Poppie Woodstock toe en sê dat sy gedwing is om uit Lambertsbaai te trek.
- Poppie ontvang permit vir drie maande, maar moet elke keer teruggaan om verlenging te kry.
- Nuwe wet – pasboekies moet papier en permitte vervang.
- Groot probleem was om elke keer 'n verlenging te kry
- Hierdie verlenging het bepaal om in 'n sekere plek te bly en te werk.
- Elke keer as Poppie haar werk by witmense verloor het, moes sy weer na die kantore gaan om die pas te verander.
- Daar het stakings in die lokasie begin as gevolg van die paswette
- Nadat Poppie vir Stone plek in die hospitaal gekry het, moes sy weer haar pas gaan verander, want Mrs Graham het teruggegaan Engeland toe.
- Poppie het 'n verlenging vir ses maande gekry
- Die ses maande was verstreke en Poppie was nog steeds werkloos.
- Mnr. Strydom het gesê sy kwalifiseer nie vir die Kaap nie omdat sy met 'n man van die Ciskei getroud is en moet dus daarheen gaan.
- Toe Poppie by Mrs Scobie weg is, moes sy weer haar pas gaan verander
- Vrouens van mans wat nie 15 jaar in die Kaap is nie of nie langer as tien jaar by dieselfde baas werk nie, moet terug na hulle huise of tuislande gaan.
- Poppie kry 'n verlenging en word deur die maatskaplike werkster, mev. Retief, gehelp om die pas te kry
- Haar baba net 3 maande oud, terug by die paskantoor
- Mr. Stevens, pasbeampte weier hierdie keer Poppie 'n verlenging
- Hy belowe Poppie 'n huis in Mdantsane en skool vir haar kinders.
- Na Stone se dood besluit Poppie om terug te gaan Kaap toe, want dáár is baie meer geld as in Oos-Londen en sy het 5 kinders om voor te sorg.
- Dit was baie moeilik, want die polisie voer klopjagte in die lokasie uit, en hulle het die mense sonder pas gevang en in die tronk gesit.
- Nogtans sien Poppie kans om ter wille van haar kinders sonder pas klaar te kom.
- Uiteindelik het sy by Mrs Swanepoel werk gekry en haar man het Poppie se pas laat regmaak.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
13		14	8	

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 8.1 Stone (1)
- 8.2 Die mense wat die meisie (weeskind) grootgemaak het. (1)
- 8.3 Vir Poppie kom sê dat Bonsile hul dogter swanger gemaak het. (2)
- 8.4 Personifikasie (1)
- 8.5 Trein, vragmotor (lorrie) (2)
- 8.6 Uitsig op Tafelberg/rou grond, stukke sement en lang gras. Groentetuin/rou grond (2)
- 8.7 D tritagonis (1)
- 8.8 8.8.1 Mdantsane (1)
- 8.8.2 skoonfamilie (1)
- 8.8.3 Mosie (1)
- 8.9 Sy kan nie in die Kaap aanbly nie, want sy is getroud met 'n man van die Ciskei. (2)
- 8.10 Na die Ciskei na haar skoonmense. (2)
- 8.11 Haar skoonmense woon in 'n trustdorpie met klein hutjies. Daar is nie plek vir haar en haar 5 kinders nie. (2)
- 8.12 Sy wou 'n huis hê en 'n skool vir haar kinders. (2)
- 8.13 Poppie moes al geboorte aan haar kind gegee het – die baba was laat. (1)
- 8.14 Haar verblyf is van twee weke na twee maande verleng. (2)

- 8.15 8.15.1 E – Stone (1)
 - 8.15.2 A – Ouma Hannie (1)
 - 8.15.3 B – Nyanga (1)
 - 8.15.4 C – Jakkie (1)
 - 8.15.5 D – Langa (1)
 - 8.16 Poppie voel dat haar familie haar agtergelaat het. (1)
 - 8.17 8.17.1 Inspekteur (1)
 - 8.17.2 Mev. Swanepoel (1)
 - 8.17.3 Mev. Swanepoel (1)
 - 8.17.4 Pas (1)
 - 8.18 Die Apartheidsera (1)
- [35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		13		8

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG**PALJAS – Chris Barnard**

- Terwyl Hendrik probeer om die motor wat langs die pad gaan staan het aan die loop te kry, sien hy hoe Katrien haar nuwe blou oorkrabbers aansit.
- Hendrik voel hy werk hard en elke ekstra geldjie sit hy in die huis.
- Hy voel dat Katrien dit op haarself uitgee.
- Katrien voel dat Hendrik haar te lank hiet en gebied en hy verstaan haar nie.
- Terwyl hulle argumenteer, staan Willem met drie klippe en toertjies doen.
- Hy raak so ontsteld dat hy die klippe mis vang en na die nar in die skuur toe gaan sonder dat sy ouers weet waar hy is.
- Die nar besef dat Willem ongelukkig is en dat iets hom pla.
- Die nar probeer Willem opbeur toe die trane oor sy gesig loop.
- Die nar verf sy gesig en sê die lewe is te kort vir trane.
- Hy verbeter Willem se gemoedstoestand en lag vir sy eie nargesig in die spieël.
- Later die aand sê die nar vir Willem om huis toe te gaan, want hy besef dat Willem se ouers gaan bekommerd raak oor hom.
- Katrien en Hendrik voel baie skuldig en wonder of Willem gehoor het toe hulle mekaar vroeër die middag langs die pad beskuldig het.
- Hulle wonder wat in hulle lewens gebeur het dat hulle hulle so gedra en mekaar so sleg verstaan.
- Hulle besef dat daar wel 'n tyd was toe hulle gelukkig was – en dit is duidelik dat hulle na daardie dae verlang.
- Hendrik voel baie hartseer oor hulle gesinsverhoudinge op die oomblik .
- Willem sien sy pa se trane en vee dit met sy vinger oor sy nargesig wat Manuel die vorige aand vir hom geteken het.
- Hy teken 'n kol op elkeen van sy pa se wange.
- Vir sy ma teken hy 'n breë glimlag.
- Sonder dat Hendrik en Katrien bewus was, het daar 'n hegte vriendskap tussen Willem en die nar ontstaan.
- Manuel was Willem se geheime maat.
- Hy leer Willem om allerhande toertjies te doen en nargesigte te verf.
- Soos hierdie vriendskap gegroei het, het Willem se gemoedstoestand verbeter.
- Willem het twee jaar gelede weens 'n angstoestand ophou praat.
- Willem se vriendskap met Manuel het sy sielkundige wonde begin genees totdat hy eendag weer woorde gesê het.
- Manuel het vir Willem geleer om in die “sonkol “ van die lewe te sit – om weer te praat.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
12		13		10

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG***PALJAS – Chris Barnard***

- 10.1 oorbelle en poeier (2)
- 10.2 Hy het niks in die lewe bereik nie. (1)
- 10.3 Hy wil wegkom van dit wat hom ongelukkig maak – dit wat onbewustelik sy angstoestand veroorsaak het. (1)
- 10.4 Hy het na Manuel toe gegaan. / Skuur toe. (1)
- 10.5 Hy voel veilig by Manuel, hy is sy vriend, hy kan hom vertrou. (2)
- 10.6 Ja (1)
Aan die begin was Willem bedruk en het gehuil, maar later het die nar hom so ver gekry om te lag en hom oortuig om huis toe te gaan. (1)
- 10.7 C – Die vriendskap tussen Willem en Frans (1)
- 10.8 A – mense te gou oordeel (1)
- 10.9 B – Metafoor (1)
- 10.10 A – Willem gevra het of teken 'n sonde is (1)
- 10.11 C – oneerlik (1)
- 10.12 Vrolik (1)
- 10.13 Hulle word met tamaties en eiers gegooi. (1)
- 10.14 Hulle moet hulle was, mooi aantrek, 'n plaat opsit en maak asof niks gebeur het nie. (1)
- 10.15 Sy wil hom teen die seerkry beskerm.
Sy wys dat sy hom verstaan. (2)
- 10.16
- Skepties omdat die McDonalds nie met die dorpsmense meng nie.
 - Willem praat nie.
 - Polisie het snaakse tekeninge in die skuur ontdek.
 - Vind Willem se gedrag vreemd.
 - Gemeenskap dink dat Willem met duiwelskuns besig is. (1)

10.17	10.17.1	gesin	(1)
	10.17.2	praat	(1)
10.18	10.18.1	ONWAAR	(1)
	10.18.2	Hy verlang na die groot tent/die opwinding van die sirkuslewe.	(1)
10.19	10.19.1	F	(1)
	10.19.2	E	(1)
	10.19.3	B	(1)
	10.19.4	C	(1)
	10.19.5	D	(1)
10.20	10.20.1	dialog	(1)
	10.20.2	protagonis	(1)
	10.20.3	klimaks/hogtepunt	(1)
	10.20.4	ruimte	(1)
	10.20.5	Gebrekkige kommunikasie kan die mens vernietig/ tot groot misverstande lei/eensaamheid veroorsaak/isolasie veroorsaak.	(1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
13		14	8	

TOTAAL AFDELING B: 35**OF**

AFDELING C: KORTVERHALE**VRAAG 11: OPSTELVRAAG*****Astra castra*** – Dot Serfontein

- Aanvanklik kom Ettie onseker en geestelik onvolwasse voor.
 - Daar is sprake van haar verwarde denke.
 - Aan die einde van die verhaal is haar denke egter nie verward nie, maar gefokus en toon sy insig.
 - Sy sien meneer Bester nie meer as vreesaanjaend nie, maar as 'n alledaagse persoon.
 - Aanvanklik het hy haar bejammer, maar nou bejammer sy hom.
 - Sy is ontnugter dat hy Spekies se spreuk ernstig opgeneem het en dat wen en verloor uiters belangrik is.
 - Sy het gegroei as mens en besef dat atletiek gaan oor genot, gesonde kompetisie en kameraderie.
 - Ettie het dus baie verander.
 - Meneer Bester het presies dieselfde gebly.
 - Ettie se perspektief van hom het egter verander.
 - Hy het steeds koue bloue oë en skaduwees oor sy gesig.
 - Hy is steeds baie bitter.
-
- Ettie laat haar intimideer deur sy bitterheid nie.
 - Sy sien sy vlakheid raak en besef dat hy jammer gekry moet word.
 - Meneer Bester toon geen insig nie.
 - Hy dink dat sy sê dat sy jammer is dat sy nie gewen het nie.
 - Sy is egter jammer vir hom.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
11		15		9

OF**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG*****STORIEJOERNAAL******Die Pakkie*** – Leonard Koza

- 12.1 Manenberg. (1)
- 12.2 Bendegeweld en dwelmmisbruik. (2)
- 12.3 Sy het 'n pakkie by haar gehad wat sy aan 'n bendelid moes gee. (1)

- 12.4 12.4.1 E (1)
- 12.4.2 C (1)
- 12.4.3 D (1)
- 12.4.4 B (1)
- 12.4.5 A (1)
- 12.5 Hy dra 'n ooring / sy haarstyl lyk soos 'n mop. (1)
- 12.6 Sy weet dat dit 'n waardevolle pakkie is./ Sy is bang die pakkie raak weg / of haar ma neem dit by haar af. / Enige sinvolle antwoord binne konteks van die verhaal. (1)
- 12.7 12.7.1 Dat sy saam met die bendeleier werk. / Dat sy smous met dwelms. (1)
- 12.7.2 Sy sukkel (finansieel) en sy het nie 'n man om haar finansieel te ondersteun nie. (2)
- 12.8 Sy het die Here se hulp gevra. (Soortgelyke antwoord aanvaarbaar.) (2)
- 12.9 12.9.1 Hy ry 'n duur, luukse, splinternuwe motor met donker vensters. Hy dra deftige klere en 'n sonbril. (2)
- 12.9.2 Hulle was bang dat hulle in die area gevang sou word en Pang mag nie in daardie area sonder die bendeleier se toestemming wees nie. (2)
- 12.10 12.10.1 C – Moena (1)
- 12.10.2 A – Distrik Ses (1)
- 12.10.3 B – lank gelede oorlede (1)
- 12.10.4 B – opgepas (1)
- 12.10.5 B – aggressief (1)
- 12.11 Sy bid dat die bendegegeweld en dwelmmisbruik in Manenberg gestuit moet word. / Sy bid moontlik dat haar dogter, Esther, nie daarby betrokke sal raak nie. / Sy bid dat hulle gesin bewaar sal word van al hierdie geweld. (Enige twee ter saaklike feite kan hier as korrek aanvaar word.) (2)

12.12	12.12.1	Eufemisme	(1)
	12.12.2	Ironie	(1)
12.13	12.13.1	Dis reg so. / Ons sal so maak.	(1)
	12.13.2	Hulle kan en moet nou ry.	(1)
	12.13.3	Miena het die pakkie by haar gehad.	(1)
12.14	12.14.1	C – 'n gek maak van ons	(1)
	12.14.2	A – doodmaak	(1)
			[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
13		15	7	

TOTAAL AFDELING C 35

OF

AFDELING D: GEDIGTE**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG –Woorde**

- 13.1 Alles wat hy skryf en sê./ Sy gedigte. (1)
- 13.2 Digter (1)
- 13.3 Assonansie (½)
- 13.4 Dit kan nie bese magte vernietig nie./”My woorde het nie die krag om bese magte tot ’n val te bring nie.” (1)
- 13.5 sing, bid, pleit, wens (Enige 3 x 1) (3)
- 13.6 13.6.1 B (1)
- 13.6.2 D (1)
- 13.6.3 A (1)
- 13.7 “glo tog” (1)
- 13.8 Die woord “woorde” word agt keer herhaal./Hy maak dit die titel van sy gedig./Hy begin sy reëls daarmee./Hy skryf die gedig daaroor. (1)
- 13.9 Deur die alleenplasing/deur dit alleen in ’n reël te sit. (1)
- 13.10 Sy woorde kan nie seermaak nie. (2)
- 13.11 net (1)
- 13.12 Vergeet van kleurgrens, politieke grense, alle grense wat mense van mekaar skei, en laat ons net goed met ons medemens oor die weg kom. (2)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
7		7½		3

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG – Thumela

- 14.1 By die skool/in die skoolvierkant/skoolterrein. (Enige 1) (1)
- 14.2 “meneer”, “kennisgewingbord”, “sportaankondiging”, “lyste eksamenrooster” ‘boeksak”, “geskiedenisboek”, “skoolvierkant” (Enige 2) (2)
- 14.3.1 Personifikasie (½)
- 14.3.2 Dit is asof die blaai die verwardheid van die skoolverlater beklemtoon of die “geskiedenisboek” waarvan die blaai verward is, kan die geskiedenis van hierdie persoon suggereer. / Lewelose goed neem die eienskappe van lewende goed in. (1)
- 14.4 14.4.1 C – beteken “om weg te stuur” (1)
- 14.4.2 D – vir die laaste keer (1)
- 14.4.3 A – deurmekaar (1)
- 14.5 Hy is ’n ekstrovert.- skree vir onderwyser tot siens, ens.
Hy tree dramaties op. – gooi sy boeksak in lug op, ens.
Hy is nie trots op sy skool / boeke nie. – verniel sy Geskiedenisboek, ens.
(Enige 1 sinvolle antwoord met verduideliking binne konteks.) (2)
- 14.6 Hy het sy boeksak in die lug gegooi.
Hy het na die kennisgewingbord gekyk.
Hy het sy geskiedenisboek geskop/gegooi.
Hy het gelag.
Hy het om die hoek verdwyn. (Enige 3 x 1) (3)
- 14.7 vrye vers (1)
- 14.8 “maar” (1)
- 14.9 die skool, onderwysers, skoolopvoeding. (1)
- 14.10 Dit verseker vinnige vloei van die gedig – soos die leerder se waarnemings. (1)
- 14.11 “bly wonder” (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
6		8½		3

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG – Spore op die maan

- 15.1 Planne om te ontsnap van die mensdom se besoedeling. (1)
- 15.2 15.2.1 B – die hele hemelruim is besoedel (1)
- 15.2.2 D – Die stadsliggies skep die idee van blomme (1)
- 15.2.3 A – die mense wat die natuur vernietig (1)
- 15.3 Alliterasie (½)
- 15.4 “want” (1)
- 15.5 Na die dubbelpunt volg die verduideliking van wat die spreker begin verstaan. (1)
- 15.6 Dit beklemtoon die spreker se mening dat alles –selfs die ruimte – reeds deur die mens besoedel is. (2)
- 15.7 'n Mens nêrens kan gaan. / Dit is onmoontlik om weg te vlug van die besoedeling (nie). (2)
- 15.8 Hy dink daaraan om maan toe te gaan. (1)
- 15.9 Dit verwys waarskynlik na landbougrond of plase/land/grond/eiendom. (1)
- 15.10 “in die waan” (1)
- 15.11 Dit impliseer dat die spreker daaroor nadink. (1)
- 15.11 Dit beklemtoon die finaliteit van die verwoesting. (2)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
7		7		3½

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG – *Wie's hy?*

- 16.1 Om spanning te skep; om die leser kans te gee om te dink oor digterskap. (1)
- 16.2 alliterasie. (½)
- 16.3 16.3.1 C – “gladde bek” (1)
- 16.3.2 A – “baie bek het” (1)
- 16.3.3 D – “djulle’s mistaken” (1)
- 16.4 Dit is iemand wat in sy studeerkamer sit en met pen en inkskryf/ iemand wat in sy studeerkamer sit en gedigte skep. (2)
- 16.5 studeerkamer (1)
- 16.6 “djulle’s mistaken” (2)
- 16.7 Dit beklemtoon die woord om sy punt te staaf/ Dit gee die woord meer trefkrag. (1)
- 16.8 D – Kaapse-Afrikaans (1)
- 16.9 Dit beklemtoon die feit dat die man op straat die eintlike digter is volgens die spreker. (1)
- 16.10 Hulle ervaar regstreeks wat om hulle gebeur;
Hulle praat spontaan oor wat hulle ervaar sonder om daarvoor te dink;
Hulle sien die verkeerde en ongeregtighede duidelik raak;
Hulle reageer onmiddellik op die onreg.
Hulle gebruik die taal speels en kreatief waar die digter soms lank moet dink voor hy die regte woorde vind. (Enige 2) (2)
- 16.11 16.11.1 vra (1)
- 16.11.2 sê (1)
- 16.12 bewonder (1)
- [17½]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
7		6	4½	

TOTAAL AFDELING D: 35

GROOTTOTAAL : 70

EERSTE ADDISIONELE TAAL
RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoordings en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80 – 100%	Uitmunterend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmunterende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmunterend 08 – 10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en afsluiting. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70 – 79%	Verdiensielik 17½ – 19½ punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7 – 7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60 – 69%	Beduidend 15 – 17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6 – 6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50 – 59%	Voldoende 12½ – 14½ punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5 – 5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40 – 49%	Matige 10 – 12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoordings uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4 – 4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30 – 39%	Basiese 7½ – 9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3 – 3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0 – 29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoordings uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0 – 2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.